Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 10

# NOVEMBER 2020

# REKENINGKUNDE V1
# (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye, 'n 1-bladsy formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ŉ FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. ŉ Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir die beantwoording van elke vraag te hou.

| **VRAAG 1: 24 punte; 19 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekeningkundige begrippe, Rekeningkundige vergelyking** | • Begrippe<br>• Rekeningkundige vergelyking |

| **VRAAG 2: 49 punte; 39 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Begrippe en Inkomstestaat** | • Begrippe<br>• Inkomstestaat |

| **VRAAG 3: 55 punte; 44 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Begrippe, Vaste bates, Balansstaat, Vertolking en Interne beheer** | • Begrippe, Vaste bates<br>• Balansstaat<br>• Vertolking en Interne beheer |

| **VRAAG 4: 22 punte; 18 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Begrippe, Loonjoernaal, Interne beheer** | • Begrippe, Loonjoernaal<br>• Interne beheer oor lone |

## VRAAG 1: REKENINGKUNDIGE BEGRIPPE EN REKENINGKUNDIGE VERGELYKING (24 punte; 19 minute)

### 1.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte woord(e) uit KOLOM A om by ŉ beskrywing in KOLOM B te pas. Skryf slegs die letter (A–E) in KOLOM B langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.1.1 Beleggings | A ŉ Persoon of groep mense wat geld in ŉ onderneming belê om wins te maak |
| 1.1.2 Dubbelinskrywings-beginsel | B Geld geleen om ŉ eiendom te koop |
| 1.1.3 Verbandlening | C Geld wat vir ŉ tydperk vasgemaak is, om ŉ hoër opbrengs te verdien |
| 1.1.4 Belegger(s) | D Die eienaar se netto belegging in die onderneming |
| | E Vir elke debiet is daar ooreenstemmende krediet |

(4 x 1) (4)

### 1.2 REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

**GEVRA:**
Ontleed die volgende transaksies volgens die formaat in die ANTWOORDE-BOEK.

**INLIGTING:**

1.2.1 Ontvang R1 000 van Protea Bank as maandelikse rente op vaste deposito.

1.2.2 Reik ŉ tjek uit aan G Africa vir die aankoop van toerusting, R24 000.

1.2.3 PAMA Broers het die onderneming se agterstallige rekening van R4 800 met 18% rente p.j. vir vier maande belas.

1.2.4 Verkoop goedere wat die besigheid R1 800 gekos het vir kontant. Goedere word teen kosprys plus 50% verkoop. (20)

**24**

## VRAAG 2: BEGRIPPE EN INKOMSTESTAAT (49 punte; 39 minute)

2.1 Pas die konsep in KOLOM A by ’n voorbeeld in KOLOM B voorsien. Skryf slegs die letters (A–D) langs die nommers (2.1.1–2.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.5 E.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 2.1.1 Inkomstestaat | A ’n Verslag oor goeie sakepraktyk in Suid-Afrika ontwikkel |
| 2.1.2 Balansstaat | B Die wyse waarop ’n onderneming deur die eienaars en bestuurders administreer word |
| 2.1.3 Bestuur | C Staat wat die finansiële posisie van ’n onderneming op ’n bepaalde tydstip aantoon |
| 2.1.4 King-kode | D Dit toon die finansiële prestasie van ’n onderneming vir ’n finansiële jaar |

(4 x 1) (4)

2.2 **KINGSTON HANDELAARS**
Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020. Goedere word teen ’n winsopslag van 40% op kosprys verkoop.

**GEVRA:**
Stel die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020 op. (45)

**INLIGTING:**
**A.** Inligting geneem uit die Voor-aansuiweringsproefbalans op 29 Februarie 2020.

| | |
|---|---|
| Kapitaal | 500 00 |
| Onttrekkings | 70 00 |
| Voertuie | 320 00 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (01/03/2019) | 80 000 |
| Toerusting | 140 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (01/03/2019) | 26 000 |
| Grond en geboue | 1 200 000 |
| Vaste deposito: Same Bank | 180 000 |
| Bank | 76 000 |
| Handelsvoorraad | 231 000 |
| Krediteurekontrole | 143 000 |
| Lening: Colour Bank | 220 000 |
| Debiteurekontrole | 211 000 |
| Verkope | 950 000 |
| Koste van verkope | 400 000 |
| Debiteure-afslag | 14 000 |
| Salarisse en lone | 168 000 |
| Fooie-inkomste | 82 600 |

| | |
|---|---|
| Rente inkomste | 900 |
| Verbruiksgoedere | 5 500 |
| Huur inkomste | 39 000 |
| Rente op vaste deposito | 1 870 |
| Korting toegestaan | 1 260 |
| Korting ontvang | 830 |
| Telefoon | 9 200 |
| Skryfbehoeftes | 8 800 |
| Versekering | 16 800 |
| Oninbare skulde | 1 300 |

**B. Addisionele inligting en aansuiwerings:**

1. Kontantverkope van R18 200 op 29 Februarie 2020 is nie aangeteken nie.
2. Fooi-inkomste van R2 400 is nog uitstaande vir die tydperk.
3. Versekering sluit maandelikse betaling tot 30 April 2020 in.
4. Een werknemer, I. Cool, is verkeerdelik uit die Salarisjoernaal gelaat. Sy is nog nie vir Februarie betaal nie.
   Die besonderhede van haar salaris is as volg:
   - Bruto salaris ?
   - Netto salaris R7 300
   - LBS R2 200
   - WVF R400
   - Pensioenfonds R100
5. Waardevermindering op voertuie R32 000, en toerusting R17 100, moet afgeskryf word.
6. Die rente op die lening vir die jaar het R30 800 beloop.
7. Oninbare skuld van R700 moet op die rekening van G. Sirino afgeskryf word.
8. Huur is vir 13 maande ontvang.
9. ʼn Fisiese voorraadopname het die volgende aan die lig gebring:
   - Handelsvoorraad R220 000
   - Ongebruikte verbruiksgoedere in voorraad beloop R500.

**49**

## VRAAG 3: BEGRIPPE, VASTE BATES, BALANSSTAAT, VERTOLKING EN INTERNE BEHEER (55 punte; 44 minute)

3.1 **BEGRIPPE**

Kies ŉ begrip uit die gegewe opsies wat die gelyste voorbeelde die beste beskryf. Skryf slegs die begrip langs die nommers (3.1.1–3.1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

| Opbrengs op belegging; winsgewendheid; solvensie; likiditeit |
|---|

3.1.1 … dui die voordeel aan wat die eienaar sal ontvang om in ŉ onderneming te belê.

3.1.2 … dui aan of die onderneming sy onmiddellike of korttermynskuld kan delg.

3.1.3 … dui aan hoe doeltreffend ŉ onderneming is.

3.1.4 … dui aan of die onderneming in staat is om al sy skuld te delg. (4 x 1) (4)

3.2 Die volgende inligting het betrekking op Obbie Handelaars. Die finansiële jaar het op 30 April 2020 geëindig.

**GEVRA:**

3.2.1 Verwys na inligting **2** en **3**.
Bereken die ontbrekende bedrae op die nota soos aangedui deur **(a)** tot **(d)**. Toon alle bewerkings. (14)

3.2.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 30 April 2020. (22)

3.3 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir April 2020.

(a) Bereken die bedryfskapitaalverhouding. (3)

(b) Bereken die vuurproefverhouding. (4)

(c) Dink jy dat die onderneming in die nabye toekoms likiditeitsprobleme sal ondervind? Verduidelik kortliks aan die hand van die verhoudings in (a) en (b). (4)

3.4 Moet die onderneming die langtermynlening terugbetaal sodra voldoende fondse beskikbaar is? Verduidelik kortliks waarom jy dink dit raadsaam is of nie. (4)

**INLIGTING:**

**A.** Lys van saldo's op 30 April 2020 (onder andere).

| | |
|---|---|
| Kapitaal | 800 000 |
| Onttrekkings | 80 000 |
| Grond en geboue | 1 200 000 |
| Voertuie | 700 000 |
| Toerusting | 430 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (01/05/2019) | 280 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (01/05/2019) | 193 500 |
| Vaste deposito: Boby Bank | ? |
| Handelsvoorraad | 270 200 |
| Debiteurekontrole | 162 000 |
| Krediteurekontrole | 86 000 |
| Bank (Gunstige saldo) | 112 000 |
| Kleinkas | 2 200 |
| Lening: CAT Bank (9,5% p.j.) | ? |
| Opgelope inkomste | 3 200 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 1 200 |
| Vooruitontvange inkomste | 5 800 |
| Opgelope uitgawes | 1 800 |

**Aansuiwerings en addisionele inligting:**

1. Lening: BTT Bank

Rente op lening word gekapitaliseer. Die leningstaat van BTT Bank dui die volgende aan:

| | |
|---|---|
| Saldo op 1 Mei 2019 | R423 200 |
| Maandelikse paaiemente insluitende rente | R103 200 |
| Saldo op 30 April 2020 | R350 400 |

Die onderneming beplan om R40 000 gedurende die volgende finansiële jaar te betaal.

2. VASTE BATE-NOTA

| | Grond en geboue | Voertuie | Toerusting |
|---|---|---|---|
| Drawaarde (1 Mei 2019) | | **(b)** | 336 500 |
| Kosprys | **(a)** | 700 000 | 430 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | 280 000 | 93 500 |
| Bewegings | | | |
| Byvoegings | 600 000 | 145 000 | |
| Waardevermindering | | **(c)** | (64 500) |
| Drawaarde (30 April 2020) | 1 200 000 | **(d)** | 272 000 |
| Kosprys | 1 200 000 | | 430 000 |
| Opgehoopte waardevermindering | | | |

3. Maak voorsiening vir waardevermindering soos volg:

- Op voertuie teen 20% p.j. op die verminderde saldo-metode.
- Op toerusting teen 15% p.j. op kosprys.

**LET WEL:** ʼn Nuwe voertuig, kosprys R145 000 is op 1 Augustus 2019 aangekoop. Dit is nie aangeteken nie.

4. **Finansiële aanwysers op 30 April 2020:**

| | **2019** | **2020** |
|---|---|---|
| % Bedryfsuitgawes op verkope | 36% | 44% |
| % Bedryfswins op verkope | 15% | 17% |
| % Netto wins op verkope | 9% | 11% |
| Bedryfskapitaalverhouding | 0,9 : 1 | ? |
| Vuurproefverhouding | 1,3 : 1 | ? |
| Solvensieverhouding | 1,3 : 1 | 2,6 : 1 |
| % Opbrengs op gemiddelde eienaarsbelang | 14% | 12% |
| Rentekoers | 14% | 15% |

**55**

## VRAAG 4: BEGRIPPE, LOONJOERNAAL EN INTERNE BEHEER

**(22 punte; 18 minute)**

### 4.1 BEGRIPPE

Kies die korrekte begrip uit KOLOM A wat by die beskrywing in KOLOM B pas**.** Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (4.1.1–4.1.4) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 4.1.5 F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.1.1 Paringsbeginsel | A Alle items wat gekoop word, word teen hul kosprys aangeteken |
| 4.1.2 Lopende saak-beginsel | B Finansiële inligting wat relevant is vir ŉ leser van finansiële state, moet afsonderlik bekend gemaak word |
| 4.1.3 Historiesekoste-beginsel | C Finansiële inligting word op ŉ konserwatiewe wyse aangeteken en gerapporteer |
| 4.1.4 Wesenlikheidsbeginsel | D Finansiële inligting opgestel met die idee dat ŉ onderneming in die toekoms sal voortgaan |
| | E Inkomste en uitgawes moet teenoor mekaar weerspieël word in die gepaste rekeningkundige tydperk |

(4 x 1) (4)

4.2 Bestudeer die totale wat in die Loonjoernaal van HMT Vrugte en Groente verskyn vir die week geëindig 27 November 2020.

Alle werknemers word teen dieselfde tariewe betaal, naamlik R25 per uur vir normale tyd en R35 per uur vir oortyd.

**Totale in die Loonjoernaal vir die week geëindig 27 November 2020**

| | |
|---|---|
| Totale ure (normale tyd) | 3 000 |
| Totale ure (oortyd) | ? |
| Bruto lone | 110 000 |
| Totale aftrekkings | ? |
| Mediesefonds aftrekkings | 7 000 |
| Pensioenfonds aftrekkings | 6 000 |
| WVF-aftrekkings | 3 000 |
| LBS | 9 000 |
| Mediesefondsbydraes | 14 000 |
| WVF-bydraes | 1 500 |

**GEVRA:**

4.2.1 Hoeveel kontant moet onttrek word om die werkers te betaal? (2)

4.2.2 Verduidelik kortliks die verskil tussen *aftrekkings* en *bydraes*. (4)

4.2.3 Bereken die totale aantal oortyd ure gedurende die week gewerk. (5)

4.2.4 Die besonderhede van die mediese fonds het gedurende November 2020 vir al vier weke dieselfde gebly. Bereken die bedrag wat aan die einde van November 2020 deur HMT Vrugte en Groente aan die mediese fonds betaal moet word. (3)

4.2.5 Daar is ongeveer 80 werknemers in totaal. Verduidelik kortliks die TWEE rolle wat die klokkaartstelsel speel om te verseker dat HMT Vrugte en Groente geen werknemer betaal vir werk wat hy/sy nie gedoen het nie. (4)

**[22]**

**TOTAAL: 150**

| GRAAD 10 REKENINGKUNDE: FORMULEBLAD VIR FINANSIËLE AANWYSERS | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Brutowins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Nettowins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | |
| Bedryfsbates **:** Bedryfslaste | (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | |
| (Handel en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | | |
| $\frac{\text{Nettowins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ | Totale bates **:** Totale laste | |

Kopiereg voorbehou